HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

20 Oktober 2021

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 44 VAN 2021

KOVID-19-INENTING

Geagte Ouer / Voog

Die regering het aangekondig dat persone tussen 12 en 17 van 20 Oktober 2021 teen Kovid-19 ingeënt kan word.

Flora Life Hospitaal het ons genader om dit by die skool vir die leerders te kom doen. Die inenting is die Pfizer teenmiddel en leerders tussen 12 en 17 ontvang slegs een inenting en leerders bo 18 moet twee van die inentings kry. Ons beplan om dit op Woensdag, 27 Oktober 2021 en Donderdag, 28 Oktober 2021 te doen. Die datum van die tweede inenting sal later gegee word.

U kind gaan môreoggend 'n *Google* vorm kry om te voltooi waarin hy/sy moet aandui of u hiervoor toestemming gee.

Sodra ons al die getalle het, sal u die nodige vorms ontvang om te registreer, sodat dit vooraf ingevul kan word om die dag se proses te versnel.

Vriendelike groete

FRANCOIS VOSLOO
KOVID - BEAMPTE

MNR PIETER BOOYSEN
HOOF

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 715 203 • MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za